

Nasorgfooie

- Leerders word vir die volle jaar by die nasorgsentrum ingeskryf. Indien u die nasorgdiens wil beëindig, moet een kalendermaand se skriftelike kennis gegee word.
- Nasorgfooie word in 11 maandelikse paaielemente betaal, vanaf Januarie tot November.
- Nasorgfooie is streng vooruitbetaalbaar.
- Die maandelikse fooi bly dieselfde, ongeag hoeveel dae per week 'n leerder die nasorgsentrum bywoon.
- Betaling moet maandeliks vooruit geskied en moet voor of op die 5de van elke maand deur die finansiële kantoor ontvang wees.
- "Die Akker" word as 'n outonome finansiële instelling bedryf. Indien ouers versuim om hul finansiële verpligtinge na te kom, kan alle dienste aan die betrokke leerder met onmiddellike effek opgeskort word.
- Geen leerder met uitstaande nasorgfooie van die vorige jaar sal in die daaropvolgende jaar by "Die Akker" geakkommodeer word voordat die rekening vereffen is nie.

Bank: Standard Bank

Rekeningtipe: Lopende Rekening

Rekeningnommer: 281 864 950

Verwysing: [U unieke familiekode]

- Kaartfasiliteite beskikbaar by Die Akker Nasorgsentrum se hoofgebou

Aansoeke

- Aansoekvorms is beskikbaar deur 'n e-pos aan akkernasorg@lgs.co.za te stuur of deur **060 648 8392** te kontak.



TEL Kantooreure (09:00 - 17:00) | 060 648 8392
WEB www.lgs.co.za
E-POS akkernasorg@lgs.co.za
ADRES Hoek van Fichat- en Cradockstraat, George-Suid

Die Akker Nasorgsentrum

U kind se tuiste
weg van die huis

#tuig #veilig



Konsepprogram

Die Akker Nasorgsentrum bied soveel meer as bloot toesig. U kind kry die geleentheid om ná skool in 'n veilige en gestruktureerde omgewing huiswerk te doen, sport te beoefen en, nadat die dag se verantwoordelikhede afgehandel is, te ontspan.

Die Akker Nasorgsentrum bied professionele versorging ná skoolure aan ingeskrewe leerders van Laerskool George-Suid. Nadat die laaste skoolklok gelui het, word nasorgleerders in 'n veilige en rustige omgewing versorg.

Ons verstaan dat die meeste ouers voltyds werk en dat die kombinasie van werk, gesinsverantwoordelikhede en huiswerk in die middag en aande soms 'n uitdaging kan wees. Ons doel is om hierdie tyd vir u en u kind makliker te maak.

Nasorg bied die volgende

- Gekontroleerde studie onder voltydse toesig.
- Verrykingsprogramme vir kinders.
- Noodhulp
- 'n Veilige speelterrein.
- Toegang tot alle sportaktiwiteite op die skoolterrein.
- Vakansiesorg (Desember vakansie uitgesluit).

Nasorgbeleid

- Slegs ingeskrewe leerders van Laerskool George-Suid en George-Suid Pre-Primêr word toegelaat by "Die Akker".
- Ouers hoef nie jaarliks her-aansoek te doen vir toelating by die nasorgsentrum nie, mits daar dissiplinêre- en gedragsprobleme was of indien u rekening nie op datum is nie.
- Leerders wat hul skuldig maak aan dissiplinêre probleme, sal met onmiddellike effek hul plek by "Die Akker" verbeur.

"Die Akker" hou van orde

- Leerders meld aan by hul Nasorg begeleier vir registerkontrole voor nasorg. Hierdie reël moet stiptelik nagekom word ten einde u kind se veiligheid te verseker.
- 'n Leerder se huiswerkboekie moet te alle tye in sy / haar besit wees.
- U kind moet ter alletye 'n ekstra skryfboek vir hersieningswerk met skryfbehoeftes in hulle tasse hê



Veiligheid van u kind

U kind se veiligheid is ons prioriteit!

- Alle ouers / voogde moet hul kind persoonlik by die nasorgsentrum uitteken wanneer die leerder afgehaal word.
- Indien iemand anders as die ouer / voog gemagtig is om u kind af te haal, moet die reëling vooraf op die onderskeie Nasorg-WhatsApp-groep aangedui word.
- Alternatiewelik kan 'n e-pos vooraf aan die Nasorghoof gestuur word by akkernasorg@lgs.co.za, waarin die naam van die persoon wat die leerder gaan afhaal, duidelik aangedui word.
- Geen leerder sal aan 'n persoon oorhandig word wat nie vooraf deur die ouer / voog gemagtig is nie.
- Hierdie reëling geld ook indien iemand anders u kind op 'n bepaalde dag as gewoonlik moet afhaal.

Nasorgtye insluitende skoolvakansies

GEDURENDE SKOOLKWARTALE

Nasorg is van Maandae tot Vrydae beskikbaar volgens die volgende tye:

- **Graad RR – Graad 2:** 13:00 – 17:15
- **Graad 3:** 13:20 – 17:15
- **Graad 4 – Graad 7:** 14:00 – 17:15

Afhaal van leerders

- **Graad RR:** Sal bevestig word
- **Graad R:** Hek by Cradockstraat
- **Graad 1 en Graad 2:** By die NG Kerk se pastoriehuis in Cradockstraat of by die NG Kerk se elektroniese hek in Fichatstraat.
- **Graad 3:** Hek 2, voor die Graad 1-klasse, in Laingstraat.
- **Graad 4 – Graad 7:** By die NG Kerk se pastoriehuis in Cradockstraat of by die NG Kerk se elektroniese hek in Fichatstraat.

GEDURENDE SKOOLVAKANSIES

Nasorg is van Maandae tot Vrydae beskikbaar volgens die volgende tye: **Graad RR tot Graad 7:** 07:15 – 17:15

Ouers word versoek om leerders nie later as 17:15 af te haal nie.

Vakansies, spesiale- en publieke vakansiedae

Die Akker Nasorgsentrum is gedurende alle skoolvakansies oop, met uitsondering van die Desembervakansie. Die sentrum is ook gesluit op alle publieke vakansiedae en spesiale skoolvakansiedae.